



Waak teen transaksies wat nóg belasting skep

Moenie transaksies aangaan met die doel om belasting te probeer ontduik nie. Buiten dat dit onwettig kan wees, is daar waarskynlik meer slaggate as voordele, en kan jy met veel meer koste eindig as waarop jy gereken het.

Dikwels hoor ek: Koop 'n eiendom in iemand anders ('n familielid of nie) se naam, dan is dit uit jou boedel. Die hoofrede, lei ek af, is 'n poging om belasting te ontduik. 'n Ander rede sal seker wees om bates uit jou persoonlike boedel te hou as jy meen jy kan binnekort gesekwestreer word. Maar dan is jy in elk geval met geldspeletjies besig.

Nietemin, die vraag is of hereregte betaalbaar is as die "eienaar" sy huis wil terughê. Onthou, dit is in die ander persoon se naam gekoop en julle het só ooreengekom.

Hereregte is tans betaalbaar op die waarde bo R900 000. Dit is nie Jan Taks se skuld dat jy onnosel goed aangevang het nie. Dit is jyself wat vir die hereregte moet instaan. (Net ter volledigheid, die Hereregte wet, Wet 40 van 1949, laat wel in sekere gevalle 'n belastingvrye oordrag tussen gades toe en ook by dood as die bates vererf.)

Nou eers terug by die probleme met so 'n plan en die belasting wat jy daardeur skep.

Die eiendom wat jy argumentsonthalwe in persoon B se naam registreer het, val in daardie persoon se boedel. As daardie persoon bankrot verklaar word, is jou huis deel van die bates wat verdeel moet word. Jy kan sekerlik ook jou eis instel, maar jy

is net een van die eisers, en jy sal met jou deel tevrede moet wees. Dit kan min wees, waarskynlik nie naastenby die waarde van die huis nie.

'n Probleem ontstaan ook wanneer die persoon sterf, want dan val die eiendom in sy boedel. As hy die huis aan jou bemaak het, is dit goed. Maar jy kan nie seker wees nie, kan jy? Hy het volle testeervryheid en hy kan bemaak soos hy wil. Enige ooreenkoms wat jy met hom aangegaan het oor hoe om sy bates te bemaak, is in elk geval nietig.

Indien hy nie die eiendom in sy testament hanteer nie – dalk omdat dit mos eintlik "jou eiendom" is – val dit in die restant van sy boedel en sal die restant-erfgename dit erf. Ek wil graag die regsgemors aanskou as jy eiendom van 'n erfgenaam gaan probeer opeis. As hy dit egter aan jou bemaak het, gaan jy vir sy boedel moet instaan vir kapitaalwinstbelasting en boedelbelasting. Dit gaan sy uiteindelijke erfgename benadeel. Hyself was dus ook nie so slim toe hy die plan met jou aangegaan het nie.

Hier is nog 'n scenario: Gestel persoon B was getroud en het wel volgens die ooreenkoms die huis testamentêr aan jou bemaak. Kom ons sê sy oorlewende gade stel 'n eis teen sy boedel in ingevolge die Wet op die Onderhoud van Langslewende Gades (Wet 27 van 1990). Hierdie eis het dieselfde krag

as 'n onderhoudseis vir 'n minderjarige kind en dit geniet voorrang bo enige bemaking. Jou eiendom is in die gedrang, want die totale waarde van die boedel word in ag geneem.

Wat gebeur as jy eerste doodgaan? Ek wonder hoe jou eksekuteur 'n huis wat aan iemand anders behoort, by jou boedel gaan probeer insluit.

Dit is min of meer die gevolge as die lewe sy verloop neem, maar wat gebeur as julle albei nog leef en jy wil jou eiendom terughê? Ek het reeds die situasie rondom hereregte hierbo genoem. Die arme Samaritaan gaan self vir kapitaalwinstbelasting moet instaan. Indien jy hom nie vir die huis vergoed nie, gaan geskenkebelasting (20%) boonop betaal moet word.

Jy kan liever die huis in 'n maatskappy of trust koop. Dan is dit ook nie meer op jou naam nie en het jy nie bogenoemde probleme nie. Maatskappye en trusts gaan immers nie dood nie. Hereregte sal nietemin betaalbaar wees as die eiendom in die trust of maatskappy van die hand gesit word. **LBW**

Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.

NAVRAE: Nico van Gijsen, e-pos: nico@finlac.com; **021 461 2067.**